

29 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: Kolossense 2:20 – 3:4**  
**Fokusgedeelte: Kolossense 3:4 (1933/53- en 1983-vertaling)**

### **In Christus bly ons gedagtes op die dinge daarbo gefokus**

Hierdie gedeelte leer ons hoe ons as Christene moet lewe, want aangesien ons as gelowiges saam met Christus dood is, het sekere dinge vir ons nou geen waarde nie, en omdat ons saam met Christus opgestaan het, is daar ook ander dinge (as die wêreldse goed) wat ons gedagtes besig hou – en dit moet aan hulle wat om ons lewe duidelik word.

Hoewel die gelese gedeelte as 'n eenheid “in Christus” saamgebind word, kan dit in twee opgedeel word. In die eerste gedeelte (2:20-23) wys Paulus ons op hoe wettiese godsdienstige reëls mense verhoed om geestelik te ontwikkel. Allerhande voorskrifte en leerstellings van mense lyk soms vir ons belangrik, maar omdat ons saam met Christus gesterwe het, het dit vir ons vandag geen waarde nie.

In die tweede gedeelte (3:1-4) wys Paulus ons dan ook op die gelowige se roeping en die redes vir die roeping. Hoewel hierdie gedeelte oor ons heiliging handel, sien ons hoe ons heiliging in ons verlossing in Christus gewortel is (saam met Hom gekruisig en opgestaan).

Ons roeping om heilig te lewe, sluit twee goed in. Eerstens om ons *hart* (ons soeke en strewe) op die dinge daarbo te rig, en tweedens om ons gedagtes op die dinge daarbo te rig. Ons hele lewe moet dus op “die dinge daarbo” gefokus wees – nie op menslike reëls en voorskrifte nie.

Die rede waarom ons op die dinge daarbo moet fokus, is drievoudig: omdat ons saam met Christus opgewek is (3:1), omdat ons 'n nuwe lewensbron het (3:3-4), en omdat ons met sy wederkoms in sy heerlijkheid sal deel.

Daarom kan ons as gelowiges in neerdrukkende omstandighede vertroos wees, want ons is oortuig van die dinge wat ons nog nie sien nie. Ja, ons is seker daarvan dat ons saam met Christus in sy heerlijkheid sal deel.

Sing: Skrifberyming 2-4:2, 3 (Sb 33)

Ds RP (Roelof) Buys (Delmas)